

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 23 April 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Psalm 13.

Fokus: Psalm 13: 2, 6.

Die betekenis en hantering van God se stilte.

Omgee:



- Martina Le Roux is in die week in die hospitaal opgeneem.
- Isébel Macleod moet Dinsdag geopereer word om velkanker op haar neus te verwyder.
- 'n Familielid van die Prinsloo en Van de Vyver families, Kristian Prinsloo (11), is nog kritiek na 'n leeu-aanval.
- Ons bid saam met baie gelowiges in ons land vir die regering en vir droogte in die Kaap.

Offergawes: ♦

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings: ☀...

- Die selgroep vir gesinne met skoolkinders vergader DV weer 7 Mei na die erediens in die kuierkamer. Hulle nooi gesinne uit wat nog nie deel is van 'n selgroep nie, om saam te vergader.
- Hoërskool-katkisante kom vanmiddag bymekaar om 16:45 in die kuierkamer.
- Gemeente-toerusting vanmiddag om 17:30 in die kerkgebou. Ons kyk hoe volwassenes se verhouding met God 'n invloed het op ons jeug.
- Volgende Oorwinnaarsnaweek word beplan vir 12-14 Mei in Nelspruit en 'n week later by Bergbron 19-21 Mei. Besprekings kan gedoen word by ds Stephan of Celeste Mulder (082 372 8684).
- Ds Stephan is met verlof 24-30 April.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag skink Groep 3, Lettie, Elize en Sue. Volgende Sondag is dit langnaweek en sal daar nie geskink word nie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Psalm 13.

Fokus: Psalm 13: 2, 6.

Die betekenis en hantering van God se stilte.

- God se stilte is nie gelyk aan sy afwesigheid nie, maar baie keer reeds 'n uitnodiging tot iets meer.
- 'n Paar riglyne om God se stilte te hanteer onder leiding van die Heilige Gees: Het ek enige sonde om te bely; wat is my motiewe; soek ek intimiteit met God; is God besig om my voor te berei vir iets; bid met ander.
- “Nader tot God en Hy sal tot julle nader” (Jak 4: 8).

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Waarin vind die Psalm digter sy troos en vertrouwe tydens God se stilte?
- Wat is die betekenis van God se stilte gewoonlik?
- Hoe kan jy God se stilte hanteer onder leiding van die Heilige Gees?

Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae in die week:

25/04	INA COETZEE	084 496 6186	011 888 5029
25/04	KOBUS SCHOEMAN	084 598 7066	
26/04	MIAS VOSLOO (3)	082 532 5641	
27/04	HANNES SCHUTTE (88)	011 672 9200	
28/04	ANNETJIE CORNELISSEN	083 760 8837	

Mag die Here jou oorvloedig seën

Jy kan help, asseblief

- Die diakens vra vir komberse of kontantskenkings om komberse aan te koop, asseblief.
- Op soek na werk vir dame in die gemeente. Kontak gerus vir Joan by 074 674 7366.
- Bettie, wat al meer as 20 jaar vir Pieter en Ankie werk, soek werk vir nog 2 dae (Maandag en Vrydag). Kontak Ankie (072 651 8286).
- Maureen Mooki se seun, John, is op soek na enige werk. Kontak Maureen by 073 158 7361.

Gebed: My spanning en God se vrede - Gerjo Ben

Paulus is in die tronk. Hy het heel waarskynlik 'n besoek gehad van Epafras, wat die gemeente in Kolossense geplant het. Epafras het vertel van die gemeente en dat baie van hulle skewe idees het van die Evangelie. Met hierdie brief aan die jong Christene van Kolosse probeer Paulus die mense prakties help om op die pad te bly. Ek vermoed ons gaan ook baie deur die brief gehelp word.

Paulus spreek soos altyd die seën van die Here oor die lesers uit. Dit word natuurlik dan ook oor my en jou uitgespreek: **2...Mag God, ons Vader, vir julle baie goed wees. Mag Hy vir julle daardie diep vrede gee wat net Hy kan gee.**

O, hoe het ons dit nie nodig nie!

Ek sukkel die afgelope tyd met spanning. Dit is verskriklik erg. Ek slaap sleg en as ek aan die slaap raak, skrik ek baie vroeg met 'n ruk wakker. Dit is so erg dat my voorarms lam word van die al die spanning. Ek bid regtig hard daarvoor, maar dit is asof dit net nie wil ophou nie.

My vrou gee haar handsak vir my, maar nie kort daarna nie vat sy dit terug en sy herhaal dit 'n paar keer. Ek vra vir haar of sy nie lekker is nie. Sy sê toe nee, dit is wat ek doen met my spanning: Ek gee dit vir God en dan vat ek dit weer terug.

Dit is miskien so. Aan die een kant bid ek verskriklik hard dat God die spanning moet wegneem. Ek voel heeltemal hulpeloos daarmee. Ek kan glad nie daarteen veg nie en daarom moet ek dit vir God gee, maar op 'n manier bly dit hier in my. Neem ek dit dan weer terug?

Vrede kom van God af. Paulus weet dit, daarom bid hy dit vir al die mense in Kolossense toe.

Soek jy na ware vrede, maak nie saak hoe woes die winde om jou waai en verwoesting saai nie? Jy kan te midde hiervan tog hier binne jou vrede hê. Dit kom net van een Persoon af en dit is God. Net Hy kan ware vrede gee hier diep binne in ons. Daar is niks anders op aarde wat die vrede kan skep en in mense plaas nie. Nee, net God kan ware vrede bewerkstellig.

Dalk wonder jy saam met my: Hoekom sukkel ek dan so met die spanning? Wil God dan nie vir my ook vrede gee nie? Het Hy van my vergeet?

Nee, ek dink tog nie so nie. God gee dit aan almal. Dit is deel van die pakkie wat uitgereik word wanneer jy God se Gees in jou nooi. Maar die mens kom trek 'n streep deur die vrede wat God in ons plaas deur nie ons eie verantwoordelikheid na te kom nie. Ons sit met 'n hoop onvoltooide take, wat vir ons spanning gee, ons plak pleisters oor sere wat baie meer tyd van ons verg en ons draai ons oë weg van verantwoordelikhede wat ons nie na kom nie. Op 'n manier los ons die agterdeur oop vir spanning om in ons lewe te kom tuismaak.

Dalk moet ons gebede anders wees. Dalk moet ons nie bid, Here, gee my vrede en vreugde nie, maar eerder Here, help my om die goed wat vir my spanning gee uit die weg te ruim, sodat die vrede wat U reeds vir my gegee het weer kan blom in my lewe.

Dit is wat ek gaan doen. Ek gaan God vra om my te wys wat gee my spanning, 'n lys te maak en planne te maak om dit op te ruim. Al is dit berge, weet ek God sal my help om weer sy vrede te laat seëvier in my lewe!

Mag jy God se vrede ervaar. Maar meer nog, mag jy God se vrede oor al die mense om jou bid.

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-8

Om oor na te dink: Sukkel jy soms met spanning? Is jou vrede soms weg? Laat jy God toe om jou te verander?

Gebed: Vader, ek het U vrede so nodig. Ek kan nie volhou met die spanning nie. Sal U nie asseblief vir my help om die dinge wat my spanning gee aan te spreek nie. Amen

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Vrydae tussen 09:00 en 13:00. Maak 'n afspraak tel. 011 673 9705 of
072 651 8286 kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Francois Kruger 082 777 0632

Ouderlinge: Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036;
Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Foto's van lidmate

- Die onlangse probleme met die rekenaar in die kantoor het ongelukkig veroorsaak dat al die foto's van lidmate op die databasis verlore gegaan het.
- Stuur asseblief 'n kop-en-skouers foto of 'n gesigfoto van jouself per whatsapp of per e-pos – met jou naam en van – na Ankie. E-pos na kantoor@bergbron.org.za. of whatsapp by 072 651 8286.

Blaadje per e-pos en Afkondigings op skerm

- Planne is in die pyplyn om weekliks afkondigings te e-pos aan alle lidmate met internet en blaadjies te druk vir besoekers en lidmate wat nie internet het nie.
- Stuur asseblief jou e-posadres na kantoor@bergbron.org.za indien jy nie die afkondigings ontvang het nie – dit beteken waarskynlik dat ons nie jou adres het nie.
- Voor die erediens sal die belangrikste afkondigings op die skerm vertoon word.